

## HONDERDE TEKEN VERSOEKSKRIF

# Bank onder druk oor kragstasies

### ‘Raak ontslae van aandele’

**Elise Tempelhoff**

Byna 700 mense het teen gistermiddag ’n versoekskrif onderteken waarin Standard Bank se aandeelhouders versoek word om van hul aandele in dié bankgroep ontslae te raak as hy nie sy finansiering vir die twee omstrede kragstasies Khanyisa en Thabametsi staak nie.

Die nieregeringsorganisasies groundWork en Amandla.mobi sê in die versoekskrif Standard Bank finansier dié twee vuil steenkoolkragstasies terwyl mense daagliks besoedelde lug moet inasem.

“Banke soos Standard Bank wil hope geld maak terwyl die toue siek mense in hospitale langer word.

“Die mense word siek weens besoedelde lug wat ontstaan wanneer steenkool verbrand word.



**Die voorgestelde kragstasies, wat deur private maatskappye in Mpumalanga en Limpopo opgerig gaan word, kan gekanselleer word as genoeg beleggers hulle onttrek.**

“Hart- en longsiektes en asma plaas ’n geldelike las op die staat en op mense.

“Ons kan dit verander. Die voorgestelde kragstasies, wat deur private maatskappye in onderskeidelik Mpumalanga en Limpopo opgerig gaan word, kan gekanselleer word as genoeg beleggers hulle onttrek. Standard Bank het self geld in dié twee kragstasies belê.

“Khanyisa en Thabametsi gaan ons water en lug besoedel en ons grond vernietig. Ons kan Standard Bank wys dit is nie meer moontlik om weg te skram van die feit dat steenkoolkragstasies vuil, oudmodies, duur en ondoeltreffend is nie. Daar is be-

ter en skoner keuses waarin die bank kan belê.”

GroundWork wys daarop dat die openbare mening teen steenkool besig is om geweldig toe te neem.

Ross Lindström, Standard Bank se woordvoerder, sê te midde van die intensiewe ekonomiese groei in Afrika is toegang tot bekostigbare energie noodsaaklik. Standard Bank werk saam met sy kliënte, onder wie Afrikaregerings, asook kommersiële en ontwikkelingsinstellings, deur finansiering beskikbaar te stel vir belangrike infrastruktuur oor verskeie sektore heen.

Standard Bank is daartoe verbind om ’n balans te vind tussen Afrika se ekonomiese ontwikkeling en sy energiebehoefte te midde van die aanpassing by klimaatsverandering.

Intussen berig Fin24 aktiviste het Dinsdag ten tyde van Afrika Energieweek in Kaapstad betoog terwyl hulle ’n beroep op die Ontwikkelingsbank van Suid-Afrika gedoen het om sy planne vir die finansiering van Khanyisa en Thabametsi te skrap.

Die aktiviste het plakkate met die woorde: “Nuwe steenkool = klimaatchaos”, en: “Water is lewe. Steenkool maak dood”, rondgeswaai.